

**26 Oktober**

**1 Johannes 3:1**

***Kind van God, maar diensbaar aan God?***

Die Here sê in die deel dat elke gelowige 'n kind van God genoem word, omdat hy of sy dit inderdaad is! Om kind van God te wees, beteken om deur God self aangeneem te word as sy kind in Jesus Christus, om van God nie meer 'n vyand te wees nie, of 'n slaaf vir wie jy moet werk om iets te probeer verdien nie. Om kind van God te wees, beteken dat Hy jou in 'n liefdevolle verhouding ingetrek het en dat Hy jou kan en wil versorg met alles wat jy nodig het na die liggaam en gees. Paulus en die ander apostels skryf elders dat die kerk van die Here die tempel van God is, die liggaam van die Here Jesus die bruid van die Here Jesus, dat Hy sy kinders van voor die grondlegging van die wêreld as sy kinders verkies het, dat God sy kinders met wonderlike gawes begenadig het - die groot Gawe, die Heilige Gees self, die gawes van geloof, van skuldvergifnis, van die ewige lewe, van al die gawes tot dienslewering wat ons nodig het. Die Here God het vir kinders 'n wonderlike status bestem. Hoeveel gelowiges word nog opgewonde hieroor, kan nog in vervoering raak, kan nog bewoë word oor al hierdie heerlike gawes? Te min, sê u? Maar is dit nie een van die hoofredes waarom daar so baie in die kerk is wat kinders van God genoem wil word, maar nie werklik diensbaar is nie? Om al die gawes te ontvang uit God se Hand, het een doel voor oë: om God daadwerklik met woord en daad te dien.

Sing: Skrifberyming 33:1 Ds. J.L. du Plooy (Potchefstroom-Noord)